TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 2/1/2016 **Datum: 19 Januarie 2017**

Uit die kantoor:

Ek sien ek het in verlede jaar se tweede nuusbrief omtrent dieselfde geskryf. Ironies dat die toestande, behalwe vir beter reën in Januarie, omtrent dieselfde was.

Na 'n warm en droë Desembervakansie stoom die Tjokkies reeds voluit voort.

Ons is ook baie dankbaar vir die heerlike reën (103 mm) wat reeds in Januarie geval het. Ons kon nuwe gras op die kaal kolle plant danksy 200 rolle gras geskenk deur 'n pappa, mnr Christo Cilliers. Ons het ook goedkoop arbeid, die gr 5 - 7 seuns, gebruik om dit te plant. Dr Gert Ceronio, 'n pappa, het ook sy trekker beskikbaar gemaak en hand bygesit en gehelp met die voorbereiding van ons veld. Baie dankie aan mnr Johan Botha en Dolf de Necker wat verlede Saterdag hulle werkers gebring het en al die papierdorings wat so geil gegroei het op die grasperk voor die krieketnette uitgehaal en gesny het. Dit is wonderlik hoe ouers hulle hulp aanbied en hande vat vir TJOKKIES.

Met ons nuwe dam, wat ook deur 'n pappa geskenk is en graag anoniem wil bly, kan ons nou die veld in stand hou en hopelik herstel die gras volkome. Weet dat Tjokkies hierdie gebaar ontsettend waardeer.

Omrede ons boorgat maar effens is moet ons ook nog water met tenklorries aanry en hiervoor het daar ook ouers ingewillig om te help. As u sterk water het en bereid is om vir ons te skenk, laat weet asb die skool.

Die oueraande was goed ondersteun en as dit 'n aanduiding is van wat u betrokkenheid vanjaar gaan wees, kan dit met die skool net goed gaan.

Indien daar enigsins iets vreemds of nuut is waaroor u wonder, moet asb nie huiwer om my of die kantoor te skakel nie. Ons help graag.

Waardes:
Ons fokus die kwartaal op ons waarde. "NET MY BESTE" Maw die ontwikkeling van elke kind se eie potensiaal en nie die beste teen alle koste nie.

Die akademiese mannetjie wat jy hier onder sien, is ons informele Tjokkie-logo.

VERJAARSDAE

24 Jan. Mnr Nico Buys, Gr 6.
25 Jan: Juf Mandi Verwey (KS assistent
26 Jan: Juf Marietjie Barkhuizen, Gr 1
27 Jan: Miriam, ons nuwe assistent

Nuus

Leerderraadkamp
Ons 2017 spannetjie het 'n baie lekker en leersame besoek aan die Planetarium gehad asook 'n oriënteringskamp by Florisbad. Baie dankie aan Young Entrepreneurs wat die program gefasiliteer het en mnr Antonie en juf Ursula vir julle insette. Dankie aan die ouers vir u ondersteuning en teenwoordigheid by die inlywingseremonie en lekker saam braai.

Die hele Graad 7 klas het ook 'n motiveringspraatjie deur mnr Christo Spies, 'n "Life coach", bygewoon.

JAARPROGRAM & NUUSBRIEF

Ons neem aan dat u die almanak wat uitgedeel is ontvang het, en dat dit iewers strategies in u huis hang. Alhoewel ons ons bes probeer om by die datums te hou, gebeur dit somtyds dat ons, vanweë onvermydelike omstandighede, daarvan moet afwyk. By voorbaat verskoning.

Behalwe die jaarprogram ontvang u kind elke Donderdag 'n nuusbrief per epos. **Indien u epos-adres verander het, laat weet asb die kantoor.** Hierdie brief word ook weekliks op die webblad geplaas. Verder ontvang u ook soms spesiale briewe.

Neem asb kennis vd skoolgeldvorm wat u kind per hand ontvang het en wat u moet voltooi en terugstuur.

BELANGRIKE DATUMS

19 Jan: Ken-mekaar bring en braai om 18:30 voor die skoolsaal. Vure, tafels en stoele sal voorsien word. Dis altyd 'n lekker funksie en ons sal graag vir u 'n handdruk wil gee. Ongelukkig is ons rugbyveld buite perke, maar daar is wagte gereël om die motors op te pas.

22 Jan: Tjokkies se Interkerklike diens om 18:00 by Universitas gemeente in Strausstr. Almal meer as welkom. Kinders kom in skooldrag en sit by hulle ouers.

23 Jan: Ons krieketliga begin. Sien die aangehegte ligabepalings.

Voortrekkers, tennis, skaak en die juniorkoor begin ook die week, soos op die rooster.

Middagstudievergadering om 17:30 in die ouditorium. Alle ouers, maar veral nuwe ouers moet asb teenwoordig wees.

27 Jan: Ons swemgala. Lees asb die briewe wat u kind ontvang het. Die skool sluit om 13:00 as gevolg hiervan. Die Gr 1 & 2 leerlinge swem nie en kom normaalweg skool toe.

27/29 Jan: Senior koorkamp. Oud en nuwe koorlede het die nodige reëlings ontvang.

SKOOL- & MIDDAGSTUDIEGELD

Die eerste skoolgeldpaaiement is voor 7 Februarie betaalbaar.

Middagstudiegeld is kwartaalliks vooruit betaalbaar, maar kan ook per debietorder saam met skoolgeld betaal word.

Ouers wat kwalifiseer vir korting moet ook daarop let dat die keerdatum vir aansoeke 8 Febr is. Sien nuusbrief 1 van 2017 vir volledige inligting.

VERANDERING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Dit is krities belangrik dat u enige persoonlike veranderings (adres, telefoon, huwelikstatus, ens.) aan die kantoor deurgee voor 1 Februarie. Dit gebeur dikwels dat ons ouers moet kontak en dan nie in die hande kan kry nie omdat hulle versuim het om ons te laat weet. Daar is 'n datavorm op die skool se webblad wat u kan voltooi en instuur.

WAGGERY VOOR KLASSE

Die onderwysers vra vriendelik dat ouers nie vroeër as 5 min voor sluitingstyd by die klasse moet wag nie. Hulle is op die stadium nog besig met onderrig en die gee van finale opdragte en geraas wat die voorskoolse en ander skoliere veroorsaak is erg steurend. Wag asb. maar by die sportvelde, snoepie of hekke. Baie dankie vir u begrip.

Laatkommery:

Kom ons begin die jaar goed en volhard met stiptelikheid wat 'n goeie deug is. Kinders wat laat kom ontwrig die program en kry onnodig raas.

BADKAMERS

Ons badkamers word drie keer per dag skoongemaak. Voor skool, sodat dit netjies is vir die oggende, voor 13:00 sodat dit netjies is vir die kinders wat na skool uittrek en dan weer om 16:00 ingeval daar 'n aandfunksie by die skool is.
Hierdie reëling word genoodsaak a.g.v. kinders wat in badkamers mors. Leer asb. u kind goeie badkamer-gewoontes soos om die toilet te trek en nie te mors nie.

VCSV

VCSV vir Gr 4 tot 7 leerders vind plaas elke Donderdag gedurende langpouse.
Die VCSV is interkerklik. Moedig asb u kind aan om in te skakel.

HEKBORDE (AFLAAIPUNTE)

Hek 1 is die hoofingang
Hek 2 is leerlinge en personeel-ingang.
Hek 3 is by die rugbyveld aan die suidekant.
Hek 4 is by die swembadkant en "love tree" (groot Bloekomboom)
Hek 5 is in Paul Krugerln by die Gr 1 klasse.
Hek 6 is by die krieketnette. Elke hek het 'n spesifieke kleur ter wille van identifisering.
Kies asb vir u 'n hek wat die beste werk om u kinders af te laai.

NB!! Soos elke jaar versoek ons ouers om stadig, versigtig en bedag om die skool te ry. Help ook u kind oor die straat. Ongeag ons reëling dat kinders binnne die gronde vir hulle ouers wag, hardloop hul soms impulsief oor die pad as hulle julle sien. U kan nooit te versigtig wees nie.

HEKTYE

Die skoolhekke open in die oggende om 6:45 en sluit om 7:40. In die middae open die hekke om 12:55 en sluit om 14:00. Hekke 2 en 4 bly egter oop tot 18:00 ter wille van die buitemuurs en middagstudie. Hekwagte van 7:00 – 17:00 by die twee hekke aan diens.

AFLOSONDERWYSERS

Ons benodig van tyd tot tyd mense om af te los wanneer onderwysers kursusse bywoon of siek is. Oud-onderwysers of mammas wat hiervoor kans sien, kan gerus met die kantoor skakel sodat ons 'n databasis kan opstel.

MUSIEK

Juff Hanlie, Maretha en Retha se musieklesse is reeds aan die gang. Maak asb seker dat u 'n omsendskrywe ontvang het met lestye en musiekfooie vir 2017.

KAPITALE PROJEK

Ons het teen die einde van verlede jaar ons toegangshekkie by die hoofingang opgeknap en 'n nuwe muur by die hoek van Paul Kruger en Ross-straat aangebring. Die nodige wapen en naam sal eersdaags aangebring word. Hiermee hou ons tred met verandering en poog ons om Tjokkies se goeie beeld na buite te moderniseer.

Baie dankie aan mnr Renier Bronn,'n argitek en oud-Tjokkie wat die ontwerp vir ons gratis gedoen het.

KUNS

Kunsklasse by juf Elsabé begin op Dinsdag 24 Jan. Vir meer inligting of om in te skryf, kontak haar by 072 674 6897. Ou leerders wat wil voortgaan met klasse kan op daardie dag of vooraf hul tye bevestig.

SNUFFELS

SOKKIE KLASSE VIR GRAAD 7 - 12 LEERDERS
Kom leer hoe maklik en lekker dit is om te
SOKKIE voor VALENTYNSDAG!!!!!
PLEK: Dance Domination Dance Studio, Henriette Grove Str 6, Lhp
DATUM: Vry, 20, 27 Jan en 3 Feb 2017
Ekstra tyd sal gereel word vir 4de klas
TYD: 17h30 – 19h00
KOSTE: R500-00 per persoon vir 6 x klasse van uur½ elk.
KONTAK: Manulani – 0844606071 OF
Michelle – 0826111135

Skoonmaak van matte – R100 per vertrek. Stoomblaas van opwasbakke / toilette / storte – R50 per item. Skakel Nico by 064 768 2342 of Marlyn by 079 905 9114. Werk op afsprake.

Wil jy graag toneelspeel in opvoerings, leer om TV werk te doen, deelneem aan kunswedstryde en redenaars, meer selfvertroue kry vir mondelings in die klas? **Purple Cat Drama Studio en Produksies.** Liena vd Merwe 083 743 1856 of Lize Bosman (4-6 j) 082 333 7832. Regisseur en vervaardiger "The Sound Of Music" Sept. 2012, André Huguenet Teater, Pacofs en regisseur, skrywer en vervaardiger "Dinosourus-safari". Alle ouderdomme is welkom. Afrikaans en Engelse klasse.

Pocket Rocket Hokkieskool word vanaf vlg week aangebied by Tjokkies. Slegs 30 plekke beskikbaar vanaf Gr 1-3 en ook vir Gr 4-7. Gr 1-3 is Dinsdae van 14:00-15:00 en Gr 4-7 is Vrydae van 14:30-15:30. Kontak Ryno Rautenbach by 072 222 2125 om plek te bespreek. Koste is R600 per kwartaal.

KRIEKET LIGABEPALINGS 2017

Tuisspanne word eerste genoem

	0/9 A Liga – A-span	**o/9 A Liga – B-span**
30 Jan	PBS vs Univ	Breb vs Univ
6 Febr	Saints vs Univ	WP vs Univ
13 Febr	WP vs Univ	Grey vs Univ
20 Febr	JF vs Univ	Saints vs Univ
27 Febr	Grey vs Univ	PBS vs Univ

	o/11A Liga – A-span	**o/11 A Liga – B-span**
31 Jan	PBS vs Univ	Grey C vs Univ
7 Febr	Univ loslootjie	WP vs Univ
14 Febr	JF vs Univ	Grey F vs Univ
21 Febr	Grey A vs Univ	Saints vs Univ
28 Febr	FP vs Univ	Grey E vs Univ

	o/13 A-liga – A-span	**o/13 A-liga – B-Span**
2 Febr	Grey A vs Univ	Univ loslootjie
9 Febr	Univ loslootjie	PBS vs Univ
16 Febr	JF vs Univ	Breb vs Univ
23 Febr	PBS vs Univ	Grey C vs Univ
2 Maart	FP vs Univ	Saints vs Univ

SKAAK

Skaak begin volgende week soos aangedui op die buitemuurse rooster.
Juf. Esbé Dippenaar is by die beginners in die graad 3 B-klas en juf Marietjie Barkhuizen hanteer die junior- en seniorgroepe in mnr. Philip Marais se klas (Kunsklas).

VOORTREKKERS

Alle ou en nuwe lede kom voor die saal bymekaar op Dinsdag 24 Januarie om 15H00.

TJOKKIES SUPER KIDS RUGBY AKADEMIE

Tjokkies se eie Rugby Akademie wat reeds verlede jaar begin het skop weer af met hul eerste oefeninge vir die jaar op Vrydag 20 Jan 2017:

Gr 1-2 – 13:15-14:00
Gr 3-7 – 14:00-15:00

Vir enige verdere inligting kontak gerus vir mnr. Hendrik Ras by: 082 578 5948